



# Legkaart

## Week 4

### INLEIDING

In die week dink ons na oor ons elkeen se unieke gawes en hoe om dit te ontwikkel en te gebruik, sodat dit 'n geskenk kan wees vir ander.

## Daaglikse ritme

### *I. Stil word*

Gebruik die stappe in die Intro om ten volle van God se teenwoordig bewus te word. Haal diep asem en maak jouself oop vir 'n ontmoeting met God.

### *II. Gebed voor die lees van elke dag se teks*

“Here, U is ons Drie-enige God - U het my uniek gevorm en U het my geroep om 'n unieke bydra te maak in die gemeenskappe waar ek leef. Help my om te dien.”

### *III. Daaglikse tekste*

Lees vandag se teks met 'n bewustheid dat God Homself wil openbaar. Alhoewel net een teksvers beklemtoon word, is dit goed om die tekste rondom die vers ook te lees.

---

### Dag 1: Psalm 139

---

**Vers 13-14:** "U het my gevorm, my aanmeakaargeweef in die skoot van my moeder. Ek wil U loof, want U het my op 'n wonderbaarlike wyse geskep. Wat U gedoen het, vervul my met verwondering."

Jou lewensverhaal begin met jou geboorte in 'n spesifieke "skoot". Hoe sal jy jou verhouding met jou biologiese of pleegouers beskryf? Wat is van jou grootste vreugdes in jou lewenstorie (geboortes, troues, ander feesvieringe).

---

### Dag 2: 1 Korintiërs 4:14-17

---

**Vers 15:** "want al sou julle ook duisende leermeesters in Christus hê, baie vaders het julle nie. Deur die verkondiging van die evangelie is ek in Christus Jesus julle vader."

As jy terugkyk oor jou lewensverhaal wie is die mentors/betekenisvolle mense wat vir jou lewe gegee of verandering in jou lewe gestimuleer het?

---

### Dag 3: Genesis 50:18-20

---

**Vers 20:** "Julle wou my kwaad aandoen, maar God wou daarmee goed doen: Hy het gesorg dat 'n groot volk nou in die lewe gebly het.

Watter mense het jou die seerste sover gemaak? Wat is die oomblikke van pyn en trauma in jou storie?

---

### Dag 4: 2 Timoteus 1:3-7

---

**Vers 7:** "Om hierdie rede herinner ek jou daaraan dat jy die genadegawe wat God jou gegee het toe ek jou die hande opgelê het, soos 'n vuur weer moet aanblaas."

Watter opvoeding het jy al in jou lewensstorie ontvang (skool, grade, kursusse, persoonlikheidstoetse ander hulpmiddels)? Hoe vuur jy hierdie geskenke aan?

---

### Dag 5: Handeling 13:36

---

**Vers 36:** "En volgens die besluit van God het Dawid tog gesterwe nadat hy die mense van sy tyd gedien het. Hy is by sy voorvaders begrawe, en sy liggaam het vergaan."

Watter rol speel die land waarin jy leef in jou lewensstorie? Hoe dien jy die mense van jou tyd in jou storie?

---

### Dag 6: Reflekteer oor vorige tekste

---

Gaan deur die vorige dae se Skrifte en gedagtes en trek 'n tydlyn van jou lewensstorie op, "Wat is die sleutelgebeure wat jou lewe vandag stempel?". Dra dan jou lewensstorie in gebed aan God op.

#### IV. Refleksie oor die tekste

Wat voel ek sê hierdie teks oor God? Wat sê hierdie teks oor my verhouding met God? Wat sê hierdie teks oor my verhouding met my naaste? Hoe kan ek oor my lewensverhaal reflekteer deur die lens van hierdie teks?

## Weeklikse ritme - kleingroepe

### *Ons ontmoet mekaar*

- Deel met mekaar hoogtepunte en laagtepunte van die afgelope week.
- Wat uit verlede week se groepsbyeenkoms bly jou by? Deel met mekaar.
- Gee terugvoer oor jou ontmoetings met persone van die sleutelverhoudings in jou lewe. Wat was jou belewenis van die sirkel oefening? Hoe het dit gevoel om die mense naby jou die drie vrae te vra? Wat is my lewensboodskap? Waarin is ek goed of begaafd? Waar maak ek 'n positiewe impak in ander mense se lewens?

### *Ons ontmoet God*

- Steek 'n kers aan op die tafel. Begin hierdie week se groep deur die volgende gebed 'n paar keer saam te bid: Here, U is ons Drie-enige God - U het my uniek gevorm en U het my geroep om 'n unieke bydra te maak in die gemeenskappe waar ek leef. Help my om te dien.
- Lees die teksgedeelte saam: **1 Petrus 4:7-11**

### *Ons deel met mekaar*

- Gee geleentheid dat elkeen in die groep deel wat hulle in die teksgedeelte hoor. Moenie mekaar onderbreek of korrigeer nie, maar gee geleentheid dat elkeen hulle eie ervarings vanuit die teks kan deel.
- Luister so na mekaar dat ons ook God se stem in mekaar kan hoor.
- “God uses our personality, gifts, passions, hobbies, temperaments, experiences and talents, and mixes all of it into a beautiful lifegiving puzzle piece. As our pieces intermingle, shalom comes to the world” - Tom Smith, Raw spirituality. Bespreek die stelling in die groep.
- Waaroor komplimenteer mense jou gewoonlik?
- Hoe sou jy die genadegawe (geskenk) beskryf wat jy ontvang het? Hoe sou jy jou roeping beskryf (onthou dit is nie net dominees en sendelinge wat geroep is nie)?

- Hoe dien jy tans in jou gemeenskap en gemeente? “When I run I feel God’s pleasure,” was Eric Liddell se getuienis oor sy vermoë om te hardloop. Vul hierdie in:
- “When I \_\_\_\_\_ , I feel God’s pleasure”.
- Watter gawe steek jy tans weg of verwaarloos jy?

### *Ons bid saam*

Laat die groep in pare vir mekaar bid.

Hierdie is 'n projek waaraan gemeentes in die verenigende Ring van Stellenbosch deelneem. Ons dank aan **Marie Britz, Tom Smith** en **Rhythm of Life** vir die gebruik van hulle materiaal in die samestelling van die handleiding vir ons gemeente.